2 Augustus 2026

Oggenddiens

Sing: Ps. 145:1,2,3; Ps. 145:5,7; Ps. 24:1,3; Ps. 8:1,3,4,5; Ps. 118:1,2.

Lees: 1 Tess 1:1-10

Teks: 1 Tess1:9,10

Tema: Die evangelie rus ons toe om roepingsgetrou te werk terwyl ons Christus verwag.

***Die ingang van die evangelie*.**

As gelowiges word ons gekonfronteer met die realiteit van twee wêrelde. Aan die eenkant leef ons in die realiteit van hierdie bedeling, maar ons het ook die verwagting van Christus se wederkoms en die lewe. In die brief aan die Tessalonisense rus Paulus die gemeente toe om gehoorsaam en getrou in hierdie realiteit te leef. Hy begin deur die Here te dank vir die groot genade wat in hierdie gemeente sigbaar word in geloof liefde en hoop. In die realiteit van hierdie wêreld lyk dit dikwels of alles tevergeefs is, maar God laat sy werk voortgaan.

***Die bekering op grond van die evangelie*.**

Die ingang wat die evangelie in die gemeente gehad het, het op 'n besondere manier sigbaar geword in die lewe van die gemeente. In hierdie eerste hoofstuk wys Paulus daarop dat hulle hul van die afgode bekeer het terwyl hulle hul daarop toespits het om die ware God te dien. Dit is die getuienis wat weerklink het oor die hele gebied. Wanneer ons die evangelie gehoor het, roep dit ons tot diensbaarheid en gehoorsaamheid aan die Here. Hy is immers die ware en die lewende God aan wie ons behoort.

***Die verwagting deur die evangelie*.**

Terwyl hulle in diensbaarheid voor die Here volhard het die gemeente ook die verwagting van Christus se wederkoms. Die verwagting van Christus gee hoop aan hierdie gelowiges terwyl hulle met inspanning in elke dag se roepingswerk doen. Ons moet verder ook sien dat die wederkoms nie net oor 'n saak gaan nie, maar oor die persoon van Jesus Christus, wat opgestaan het uit die dood. Hy is die oorwinnaar en Hy sal sy heerskappy in sy volheid hier kom vestig. Nou kan ons daagliks met die afwagting en die sekerheid leef dat Christus weer kom. Ons het hoop want Christus kom!

Aanddiens

Sing: Ps. 33:1,2; Ps. 33:10,11; Ps. 105: 21,22.

Lees: Deut. 8:1-20; Son 50

Teks: Son 50

Tema: Ons bid dat ons Vader ons volkome na die liggaam sal versorg met alles wat goed is.

***God versorg met alles wat goed is*.**

Die grootste krisis van ons tyd is dat ons as mense dink dat al ons stoflike gawes die vrug van ons eie werk en ons eie verantwoordelikheid is. Die hedendaagse mens leef nie meer in afhanklikheid van God se versorging nie. In die vierde bede bely ons egter ons algehele afhanklikheid van God ons Vader wat die gewer is van alle goeie gawes, ook ons stoflike gawes. Israel moet net voordat hulle weer die beloofde land intrek onder die besef van God se voorsiening kom. Terwyl hulle in die woestyn rondgeswerf het , was dit God wat hulle versorg het met manna en kwartels.

God seën ons arbeid met alles wat goed is

Die feit dat God aan ons ons daaglikse brood gee is inderdaad 'n wonderwerk, maar ons mag nie ons roeping daarin vergeet nie. Die Here is inderdaad almagtig om te gee sonder dat ons 'n vinger verroer, maar hy het beskik dat ons moet werk. Dit is deur die roeping en die gawes wat die Here gee dat ons die seën van sy versorging kan ontvang. Ons werk egter nie ter wille van ons eie versorging nie, maar ter wille van die eer van God. Sonder sy seën sal ons arbeid verniet wees, al bring dit vir ons al die skatte in die wêreld. Sonder die seën van die Here is alles tevergeefs.

***God eis vertroue in hom as gewer van alles wat goed is*.**

Die wete dat God die enigste bron van alles wat goed is, rig ons om eindelik ons vertroue in Hom alleen te stel. Israel het deur die woestyn getrek en die gawes van God se versorging ontvang, maar wanneer hulle die beloofde land intrek sal hulle daar in verantwoordelikheid hulle dagtaak uitvoer. Die uiteinde is egter dat hulle steeds in vertroue op Hom hulle werk moet doen. Eindelik kan ons met vaste vertroue ons werk doen en weet dat die Vader ons liggaamlik sal versorg soos Hy ons geestelike versorg het met die brood van die lewe, naamlik Christus